

19 September

Skrifgedeelte: Romeine 12:9-21
Fokusgedeelte: Romeine 12:10, 11

Liefde vir God en ander

Wat ons hier gelees het is soos 'n kort samevatting van ons geestelike lewe. Ons geestelike lewe is gerig op God en ons medemens – liefde vir God en liefde vir ons naaste. In ons verhouding tot God moet daar geesdrif wees. Ons moet Hom nie loutwarm dien nie, maar vurig en met oorgawe. Ons moet God liefhê met ons hele hart en ons hele siel en ons hele verstand, het die Here Jesus gesê. Wanneer ons die Here met toewyding dien, sal ons graag sy Woord lees en hoor wat Hy vir ons sê vir ons lewens. Wanneer ons Hom vurig liefhet, sal ons graag doen wat Hy van ons verwag, en dit wat sleg is, verafsku. Toewyding in ons verhouding met God sal ook meebring dat ons ons hart gereeld in gebed teenoor Hom oopmaak.

Ware liefde vir God sal ons lewens ook aanraak. As dissipels van Jesus moet ons ook lief wees vir ons medebroers en -susters, vir ons naaste wat daagliks ons lewenspaaië kruis en selfs vir ons vyande. Ware liefde wat in daade oorgaan, moet ons lewens elke dag kenmerk, ook vandag. In onvoorwaardelike liefde moet ons ook vandag goed doen aan dié mense wat al in die verlede lelik met ons was. Mag die Here ons vandag so deur sy Heilige Gees lei dat ons optrede deur liefde vir Hom en ander beheers sal word.

Sing: Skrifberyming 9-3:1, 2

Ds. Wicus van der Vyver (Silverton)